

# 21

## DAWID

### Van skaapherder tot herder van die Here

#### ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet God kies eenvoudige mense om in sy Naam belangrike dinge te doen.

#### SPESIFIEKE DOELSTELLING

##### Kennis

Die kinders moet weet –

- God roep eenvoudige mense vir bepaalde opdragte.
- God se kinders is gehoorsaam aan Hom.
- God vergewe berouvolle sondears.
- Jesus kom uit die nageslag van Dawid.

##### Gesindheid

Die kinders moet –

- dankbaar wees dat die Here ons ook gebruik as getuies vir Hom.
- dankbaar wees dat God ook ons sonde vergewe.
- graag doen wat die Here van ons verwag.

##### Vaardigheid

Die kinders moet –

- oor alles met God kan praat.
- die verhaal van Dawid kan oorvertel.

#### MEER INLIGTING (1 Samuel 16; 2 Samuel 5 en 6)

Saul was die eerste koning van Israel. Hy was ongehoorsaam aan God. God het hom verwerp. God kies nou 'n nuwe koning om Saul op te volg. Dit sou Dawid wees.

Dawid was 'n skaapwagter wat sy pa se vee in die veld opgepas het. Die Here kies hierdie skaapwagter om ook die herder van sy volk te wees. Hierdie gewone skaapwagter word die koning van Israel. God het die profeet Samuel gestuur om Dawid te gaan salf as koning. Eers 'n paar jaar later het Dawid die troon bestyg.

Dawid was 'n baie goeie soldaat. Hy verower Jerusalem en maak dit sy hoofstad. Jerusalem staan ook bekend as die Dawidstad. Hier het Dawid vir hom 'n paleis gebou en daar gaan woon. Hy was 'n goeie koning en onder sy beheer het dit goed gegaan met die Israeliete. Maar daar was ook dikwels konflik met al die ander volke rondom hulle.

Toe die Filistyne hoor dat Dawid koning geword het oor Israel, het hulle besluit om teen hom op te trek. Dawid raadpleeg eers die Here en vra of hy teen die Filistyne moet optrek. Die Here antwoord hom, en hy doen wat die Here vir hom sê. 'n Tweede keer trek die Filistyne teen Dawid op, en weer raadpleeg hy die Here. Dié keer sê die Here hulle moet wag en eers later aanval. Dawid maak soos die Here vir hom sê, en omdat hy gehoorsaam is, verslaan hy die Filistyne.

Dawid is bekend as 'n man wat naby aan die Here geleef het. Hy was beslis nie sonder sonde nie. Telkens wanneer hy gesondig het, het hy werklik berou gehad en God om vergifnis gevra. Omdat Dawid so lief was vir die Here, wou hy graag die ark van God na Jerusalem toe bring.

Nadat die eerste poging misluk het, het Dawid met groot feesvreugde die ark van die Here na die Dawidstad gebring. Nou word Jerusalem die belangrikste stad van die Israeliete. Daar het die koning gewoon, en die ark van die Here het daar gestaan. Dawid wou ook graag 'n huis vir die Here bou, maar dit was hom nie beskore nie.

Onder Dawid se regering het die Israeliete 'n magtige volk geword. Die Here het 'n eenvoudige skaapwagter die herder van sy volk gemaak. Alles wat Dawid bereik het, het hy bereik omdat God hom gehelp het.

Die Here het van Dawid 'n baie belangrike koning gemaak. Maar die Here doen nog meer: Hy maak 'n belofte aan Dawid dat Hy nie vir Dawid of sy nageslag sal verwerp soos hy Saul verwerp het nie. Uit Dawid se nageslag sal daar iemand wees wat altyd oor die volk koning sal wees. Hierdie belofte word waar wanneer Jesus uit die nageslag van Dawid kom, om vir ewig oor God se kinders te heers.

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Prente van 'n skaapwagter en 'n koning.
- Maak 'n interessante opsomming van MEER INLIGTING. **Sorg dat die vrae en die antwoorde uit die vraestel hieronder aan die orde kom.**
- 'n Kopie van onderstaande vraestel.
- Lekkers of iets soortgelyk vir die kompetisiewenners.

## Vraestel

- Wie was die eerste koning van Israel? .....
- Die tweede koning wat gekies word, is Dawid. Watter soort werk het hy vir sy pa gedoen?  
.....
- Wie het vir Dawid as koning gaan salf? .....
- Wie het teen Dawid opgetrek toe hulle hoor dat hy koning van Israel geword het?  
.....
- Vul in: Dawid is bekend as 'n man wat naby aan ..... geleef het.
- Wat het Dawid telkens gedoen as hy gesondig het? .....
- Wat wou Dawid baie graag vir die Here bou? .....
- Watter belofte het die Here aan Dawid gemaak? .....
- Hoekom het God vir Saul verwerp? .....
- Watter plek het Dawid sy hoofstad gemaak? .....
- Wat het Dawid elke keer gedoen as hy teen die Filistyne moes optrek?  
.....
- Vul in: Dawid was beslis nie sonder ..... nie.
- Wat wou Dawid baie graag na Jerusalem toe bring omdat hy lief was vir die Here?  
.....
- Wie het vir Dawid gehelp om soveel sukses te behaal? .....
- Hoe het die belofte dat daar iemand uit Dawid se nageslag gebore sou word wat altyd oor die volk koning sal wees, waar geword? .....

## KOM ONS BEGIN

Open met gebed. Vra vir die kinders waarvoor hulle wil bid, en bid dan daarvoor.

## HET HULLE ONTHOU?

Kontroleer of hulle –

- die woordbank hieronder gebruik en die antwoorde ingevul het.
- die vrae en antwoorde hieronder ken.
- in hulle boeke neergeskryf het waar God al in moeilike tye in hulle lewens uitkoms gegee het. Hulle moes hulle ouers vra om hulle te help.

## WOORDBANK

Midianiete	dorsvloer	Rigters	Israeliete	5 000 man
geduldig	gewone mense	300 man	parskuip	Egiptenaars

- Toe die manskappe by die rivier water drink, het Gideon hulle uitgesif. Hoeveel het hy gekies? *300 man*.
- Mans en vroue wat deur God gestuur is om die volk te lei. *Rigters*.
- 'n Gelyk plek waar 'n mens die koring of gars trap en slaan om die korrels uit die are te haal. *Dorsvloer*.
- Hulle het die Israeliete se oeste en diere vir hulleself gevat. *Midianiete*.
- Hierdie volk was gedurig ongehoorsaam en het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. *Israeliete*.
- God tree met mense wat twyfel en vrae vra so op. *Geduldig*.
- God gebruik hulle om sy werk te doen. *Gewone mense*.

## FEITE

Wie het die volk gelei na die dood van Josua?	Verskillende rigters het die volk gelei.
Waarom is die persone wat die volk gelei het rigters genoem?	God het mans en vroue gestuur om die volk weer op die regte pad te bring en hulle te lei teen die vyande van die volk.
Wie het God gestuur as rigter om die volk te lei teen die Midianiete?	God stuur vir Gideon om die volk te lei.
Wat het Gideon drie keer vir die Here gevra om te doen om seker te maak dat dit werklik God is wat hom roep?	Hy vra drie wondertekens om seker te maak dat dit werklik God is wat hom roep.

Hoe het God Gideon verander?	God het Gideon verander van 'n bangbroek (weggekruip, bang hy word gesien) tot 'n dapper soldaat (pa se afgode afgebreek, lei Gideon tot oorwinning).
Wat leer die verhaal van Gideon vir ons?	As 'n mens God vertrou en jou verantwoordelikheid nakom, stry God die stryd vir jou.

## VANDAG LEER ONS

### BEGIN SO

- Deel die klas in twee – as daar naastenby ewe veel seuns en meisies is, maak dit 'n seun-teen-meisie-kompetisie.
- Beklemtoon dat hulle goed moet luister na die vertellings wat volg, want hulle gaan daarvoor 'n kompetisie hou.

### IETS INTERESSANT

Gebruik jou opsomming en vertel die geskiedenis van Dawid.

### IETS BELANGRIK

- Gee vir elke groep 'n vraestel.
- Laat hulle dit beantwoord.
- Neem albei vraestelle in.
- Merk dit en beklemtoon as inskerping die regte antwoorde. Twee punte vir 'n korrekte antwoord.
- Deel die prys uit aan die wenners. Indien hulle gelykop is, laat hulle lootjies trek vir die wenner.

### Antwoorde

- Wie was die eerste koning van Israel? *Saul.*
- Die tweede koning wat gekies word, is Dawid. Watter soort werk het hy vir sy pa gedoen? *Hy was 'n skaapwagter.*
- Wie het vir Dawid as koning gaan salf? *Samuel.*
- Wie het teen Dawid opgetrek toe hulle hoor dat hy koning van Israel geword het? *Die Filistyne.*
- Vul in: Dawid is bekend as 'n man wat naby aan *die Here* geleef het.
- Wat het Dawid telkens gedoen as hy gesondig het? *Telkens wanneer hy gesondig het, het hy werklik berou gehad en God om vergifnis gevra.*
- Wat wou Dawid baie graag vir die Here bou? *Dawid wou graag 'n huis vir die Here bou, maar dit was hom nie beskore nie.*
- Watter belofte het die Here aan Dawid gemaak? *Hy maak 'n belofte aan Dawid dat Hy hom of sy nageslag nie sal verwerp soos hy Saul verwerp het nie. Uit Dawid se nageslag sal daar iemand wees wat altyd oor die volk koning sal wees.*

- Hoekom het God vir Saul verwerp? *Hy was ongehoorsaam aan God.*
- Watter plek het Dawid sy hoofstad gemaak? *Jerusalem.*
- Wat het Dawid elke keer gedoen as hy teen die Filistyne moes optrek? *Dawid raadpleeg eers die Here. Die Here antwoord hom, en hy doen wat die Here vir hom sê.*
- Dawid was beslis nie sonder sonde nie.
- Wat wou Dawid baie graag na Jerusalem toe bring omdat hy lief was vir die Here? *Die ark van God.*
- Wie het vir Dawid gehelp om soveel sukses te behaal? *Alles wat Dawid bereik het, het hy bereik omdat God hom gehelp het.*
- Hoe het die belofte dat daar iemand uit Dawid se nageslag gebore sou word wat altyd oor die volk koning sal wees, waar geword? *Hierdie belofte word waar wanneer Jesus uit die nageslag van Dawid kom, om vir ewig oor God se kinders te heers.*

### IETS OM TE DOEN

- Gesels oor vandag se les aan die hand van die onderstaande vrae en antwoorde.
- Laat die kinders vertel wat hulle reeds van Dawid weet.
  - *Waarom was Saul nie 'n goeie koning nie? Hy was ongehoorsaam aan die Here.*
  - *Ons weet nog baie ander dinge van Dawid. Vir wie het hy met 'n slingervel doodgemaak? Goliat.*
  - *Wat weet ons van sy beste vriend? Daar is 'n spreekwoord oor hulle vriendskap. Ons sê vir twee groot vriende hulle is soos Dawid en Jonatan.*
  - *Ons weet Dawid se eie seun wou hom doodmaak. Wat was die seun se naam? Absalom.*
  - *Wat beteken dit dat die Here baie lief was vir Dawid? Die Here het hom elke keer sy sonde vergewe en hom gebruik om sy volk te regeer.*
  - *God is ook vir ons lief. Wat beteken dit vir ons? Dat God ons ook ons sonde vergewe en dat ons gehoorsaam aan Hom moet lewe.*

### BY DIE HUIS

Verduidelik aan die kinders die opdrag wat tuis voltooi moet word.

Laat hulle by Les 24 by HET HULLE ONTHOU –

- Psalm 23 lees en die ontbrekende woorde invul.
- Psalm 23 leer.
- die vrae en antwoorde in die hersieningsvraebank uit Lesse 13-22 gaan leer.

### AFSLUITING

Lees Gesang 577: 1 en 2, en sluit af met vers 3 tot 5 as gebed.

**Lees:**

*Die Heer, my herder, sorg vir my.  
Hy laat my rustig wei;  
langs waters waar daar vrede is,  
sal Hy my veilig lei.*

*Die Heer gee my weer nuwe krag  
en Hy sal met my gaan;  
Hy lei my op die regte pad  
ter ere van sy Naam.*

**Bid:**

*Al lê daar donker dieptes voor,  
tog hoef ek nie te vrees,  
want U's by my, en in u hand  
sal ek steeds veilig wees.*

*U maak vir my 'n fees gereed,  
terwyl my vyand kyk.  
U maak van my 'n eregas;  
U maak my lewe ryk.*

*Net goedheid, liefde, lewenslank,  
gee U, o Heer, vir my;  
by U's ek tuis, en in u huis  
sal ek vir ewig bly. Amen.*